BOEK 4

VLAK 2

Kies slim vir 'n skitterende toekoms!

Slimkoppe lees!



JY KAN JOU KIND HELP OM TE LEER LEES

# Lekker uitstappies

# Hallo Slimkoppe!



**Emma & Stinkie**

Emma is vyf en is baie lief vir stokkielekkers. Stinkie is haar beste maat.



**Jodi & Marmelade**

Jodi is sewe en hou baie van boomklim. Marmelade is haar kat.



**Mandla**

Mandla is ses en lief vir lees. Hy speel graag sokker.



**Ravi**

Ravi is agt. Hy is dol oor rekenaarspeletjies en ry op sy skaatsplank.



**Jaco**

Jaco is agt. Hy hou van goggas en is versot op alle soorte sport.



**Lebo**

Lebo is nege. Sy is lief vir musiek, hip-hop-dans en volg die nuutste modes.


# In die museum





Jaco, Jodi en Emma is by die museum.




Hulle sien dinosourusse.
Die dinosourusse is groot.
“Ek hou van die dinosourusse,” sê Jaco.



“Kyk daar,” sê Emma.
“Ek sien oë.”



Hulle sien pikkewyne.
“Kyk hoe swem die pikkewyne,” sê Jaco.
“Ek hou van die pikkewyne,” sê Emma.



“Kyk daar,” sê Emma.
“Ek sien oë.”



Hulle gaan kyk na die voëls.
“Kyk daar. Ek sien oë,” sê Emma.





"Kyk! Daar is die oë weer!" lag Emma.
Hulle eet roomys.

STORIE 2

# Wat eet ons vanaand?




Jodi en Pappa sit en lees.
Jodi is honger.
"Wat eet ons vanaand?" vra Jodi.



Ag nee!

Daar is niks vir aandete nie.

"Ek moet winkel toe gaan," sê Pappa.




Jodi wil help.
Jodi vat haar rugsak
saam winkel toe.




Wat gaan hulle eet?
"Ek hou van spaghetti," sê Jodi.
"Sjoe, maar my rugsak is swaar."



Jodi tel ’n boks spaghetti op.
Al die ander bokse val af!




Jodi tel een tamatie op.
Al die ander tamaties val af!
"Sjoe, maar my rugsak is swaar," sê Jodi.




Jodi gaan sit.
Sy maak haar rugsak oop.
"Dis hoekom my rugsak so swaar was!" lag Jodi.

# In die park




Mandla en Jaco wil park toe gaan.
“Kan ons park toe gaan?” vra Jaco.



"Weg is ons," sê Pappa.
"Kom saam, Mamma," sê Jaco.
Hulle gaan almal park toe.



Jaco hou van sokker.
Jaco en Mandla speel sokker.
"Jy kan vinnig hardloop en goed skop," sê Mandla.



Mandla gly by die glyplank af.
Dan gly Jaco vinnig af.
"Kom gly af, Pappa," sê Jaco.